LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief



GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 16/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Maak jy foute?

n Konsep wat vir baie van ons soms moeilik is om te verstaan, is dat almal struikel en val. Ons sê maklik almal maak foute, maar glo ons dit. Ons is ook nie altyd baie regverdig in hierdie geval nie. Dit gebeur dat onsself kan foute maak, maar sodra iemand anders foute maak, dan moet hulle dit vergeld. Andersom is ook waar, ons aanvaar dat ander kan foute maak, maar ons laat nie onsself toe om foute te maak nie. God is groter as mislukkings. In Romeine 8:1 & 4 lees ons - "Daar is dus geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie .... Wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees." Jy kan miskien nie jou probleme of ander ontrafel nie. Jy kan miskien nie die gevolge van daardie foute ongedaan maak nie, maar jy kan opstaan en na die Vader toe gaan. Die verlore seun het dit gedoen, hy het opgestaan en na sy vader toe gegaan. Die keuse is joune, wil jy in die varkhok bly sit, of nie? Psalm 37: 23 – 24 - "Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom. As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op."

## Goegieland

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike reëlings:
**WARM SAKKIES -** Warm sakkies word toegelaat, maar asseblief geen warmwatersakkies wat met water gevul word nie, aangesien maats hulself kan brand. Slegs "bean bags" of herlaaibare warm sakkies word toegelaat. Neem asseblief kennis dat ons dit ongelukkig nie by die skool kan herlaai nie.
**GEEN KOMBERSE -** Moet asseblief nie komberse saamstuur skool toe nie. Dit raak maklik vuil en word dikwels weg of deurmekaar.
**FOTOBESTELLINGS -** Fotobestellings het nou gesluit. Baie dankie vir almal se ondersteuning.
**KONSERTKAARTJIES -** Konsertkaartjies sal eersdaags beskikbaar wees om aan te koop. Hou asseblief die Karri-toep en klasgroepe dop vir verdere inligting.
**27 MEI 2026 KONSERT KLEEDREPETISIE -** Die konsert-kleedrepetisie vind plaas op 27 Mei 2026 te Kruik.
Ons vra vriendelik dat ouers, so ver moontlik, die leerders daardie oggend self by Kruik aflaai.
Baie dankie vir julle samewerking en ondersteuning.
Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 12 Mei 2026

- **Rugbyliga vs LS Ermelo (Tuis)**
- **Netballiga vs LS Secunda (Tuis)**

### 14 Mei 2026

- **Hemelvaart**

### 15 Mei 2026

- **Landloop Menlo Aflos**
- **Redenaars ATKV Semi-Finaal**

### 16 Mei 2026

- **Pumakis & Mini-Netbal te Highveld Ridge Primary**
- **Hokkieproewe o/11 tot o/13 S & D**
- **Skaak Super 12 te Soltech, Monumentpark**

## Verandering in Weer en Skooldrag

Die koue is skielik op ons en ons besef dit is nou tyd vir truie en baadjies. Gedurende hierdie tyd van die jaar verloor baie kinders hul klere, na elke pouse is daar verskeie kledingstukke wat op die speelgrond lê. Alhoewel ons graag help is dit nie die skool se verantwoordelikheid om agter die maats op te tel nie. Kinders moet self leer om hul klere op te pas. Omrede skoolklere so duur is, moet die kinders ekstra sorg toepas. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die skoolklere deeglik en duidelik te merk. Ons kan nie die klere terug besorg indien dit nie deeglik gemerk is nie. Skoolklere wat nie gemerk is nie sal na 'n paar dae na die klerebank verskuif word. Die klerebank is beskikbaar om klere te voorsien aan behoeftige kinders. Self die klere wat uit die klerebank ontvang is, moet gemerk en opgepas word. Klere kan nie net oneindigend voorsien word nie, dus sal skenkings aan mense beperk word om te verseker dat meer mense van hierdie voordeel gebruik kan maak.
Ons moet ook waaksaam wees om nie ons netheid in die winter prys te gee nie. Kinders moet altyd netjies voorkom, dit bevorder trots. Ander warm klere mag nie bo-oor die skoolklere aangetrek word nie, kinders mag wel 'n vessie of 'n ander warm kledingstuk onder die skoolklere aantrek.



**INLIGTINGSAAND**
**4 JUN '26**
**18:00 SKOOLSAAL**

**OPEDAG**
**5 JUN '26**
**14:30 TOT 17:00**

## ATKV Redenaars











Hierdie raakprakters het behoorlik raak gepraat tydens die 1ste rondte van die ATKV Redenaars. Hulle dring deur na die ATKV Semi-finaal. Leané en Melandie het nie net voorbereid gepraat nie, maar moes ook 'n onvoorbereide beredeneerde praatjie skryf en weergee. Ons is baie trots op julle!

Leané Luddick - Gr. 6 & 7 Afrikaans Huistaal
Melandie Faber - Gr. 6 & 7 Afrikaans Huistaal
Kaitlyn Shackleford - Gr. 6 & 7 Afrikaans Addisionele Taal
Manny Neto - Gr. 6 & 7 Afrikaans Addisionele Taal

## Skaak




Woensdag, 6 Mei 2026 het ons hier by Laerskool Goedehoop die volgende vriendskaplike skaaktoernooi aangebied. Sewe skole het hieraan deelgeneem. Die o/13-span behaal ‘n 3de plek en Chrstiaan van Niekerk (o/11) was ‘n bordwenner. Super 12 Skaak vind volgende Saterdag, 16 Mei 2026 te Soltech Kampus plaas. Baie sterkte aan die Super 12-Skaakspanne wat aan hierdie strawwe toernooi gaan deelneem. Ons weet julle kan! Onthou Goedes gee net hul beste. Die verskeie skaakgroepe is steeds getrou besig om te oefen. Indien u kind nie op ‘n spesifieke dag kan kom oefen nie kan hulle op die ander dag die oefening bywoon. Dit is ongelukkig nie moontlik om die tye te verander nie, want daar gaan altyd ‘n botsing wees met een of ander aktiwiteit.

| | | |
|---|---|---|
| Maandae | 15:00 tot 16:00 | Beginners by Juf. Amanda. |
| | 15:00 tot 16:00 | Gemiddelde, ervare en Super 12-spanne by Juf. Carin en Juf. Marie-Louise. |
| Woensdae | 15:00 tot 15:45 | Geen Beginners, slegs gemiddelde, ervare en Super 12-spanne. |

Daar is altyd elke week oefening, ongeag of dit ‘n kort of normale week is. Ons sal u laat weet indien daar nie oefening is nie, weens watter rede ook al. Dus maak ons staat daarop dat spelers elke week getrou sal kom oefen. Super 12-spanne moet asseblief onthou om voor of op Dinsdag, 12 Mei 2026 hul geboortesertifikate by die afrigters in te handig.

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**




| 11 Mei | 12 Mei | 13 Mei | 14 Mei | 15 Mei | 16 Mei | 17 Mei |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Liza Jacobs<br>Suané Smit<br>Morné Nortjé | Diané Venter<br>Cindy Bredenhann<br>Connor Bezuidenhout | Kaitlyn Shackleford<br>Jayden v Aswegen<br>Frits v Schalkwyk<br>Christiaan v Niekerk | Alister Walters | Jayden Engelbrecht<br>Lehan Kleinhans | Juandré v Greunen<br>Kaitlyn Visagie<br>Noah v Rooyen | Jean Joubert |